

Baba Amber inspireer projek wat lewens red

DALEEN FOUCHÉ

'n Nuwe inisiatief om babas se lewens te red is verlede week in Somerset-Wes van stapel gestuur.

Die nuwe *Baby Saver* by *Choices* in Schapenbergstraat, Somerset-Wes is basies 'n kluis wat in die muur ingebou is, waarin ma's hulle ongewenste babas kan plaas.

Wanneer die baba in die kluis geplaas word, gaan daar 'n alarm af wat die aangestelde mense in kennis stel om die baba te kom haal.

Die projek is aan die rol gesit nadat twee babas wat verlaat is, in Somerset-Wes gevind is.

In die eerste geval is baba Amber naby die Lourensrivier in Andries Pretoriusstraat gevind deur 'n hawelose man en sy hond op 8 Februarie.

Judith Cross en haar man Tony was een van die eerste mense op die toneel nadat die nuus oor die Somerset-Wes buurtwag-radio gebreek het.

Tydens die inwerkingstelling van die *Baby Saver* het Judith vertel hoe sy vir baba Amber, wat steeds in vrugwater bedek was, in haar arms geneem en haar in 'n piekniekkombers toegemaak het.

Amber is vernoem na die ambulans wat haar na die hospitaal geneem het. Marietjie Bezuidenhout, sosiale werker wat met Amber se saak gewerk het, sê na haar herstel in die hospitaal, is sy in pleegsorg geplaas, maar is nou permanent by 'n familie geplaas.

Bezuidenhout sê Amber is gesond en doen goed. "Sy haal al haar groei-mylpale."

'n Week nadat baba Amber gevind is, is nog 'n pasgebore baba gevind in 'n inkopietrolle



Judith Cross en Sandy Immelman by die *Baby Saver*, wat by *Choices* in Somerset-Wes geïnstalleer is. FOTO: DALEEN FOUCHÉ

in Somerset-Wes se sentrale sakekern.

Sandy Immelman, een van die dryfkragte van die *Helderberg Baby Saver*, sê sy wou 'n veilige plek skep waar ongewenste babas veilig gelos kan word.

"Ek wou probeer help om te voorkom dat babas weggegooi word en die enigste manier waarvan ek weet is deur 'n baba-kluis."

"Ek en Judith het met verskeie mense ontmoet en is oorweldig deur die positiewe betrokkenheid van die gemeenskap."

Immelman het 'n tweedehandse babakluis opgespoor en dit skoongemaak. Daarna het sy begin soek vir die gepaste plek om dit te plaas.

Die gepaste plek moes toeganklik wees vanaf die taxi-geriewe, die Hoofweg, N2 en die treinstasies.

Choices is uiteindelik gekies as die gepaste plek, omdat dit aan al die behoeftes voldoen. *Choices* is 'n krisissentrum vir swanger vroue en bied berading, advies en verblyf aan.

Charmaine Etson, eenheidsbestuurder by *Choices*, is saam met Immelman, Cross en Mandy Jones van PATCH Helderberg aangestel om te reageer wanneer die alarm wat gekoppel is aan die *Baby Saver*, afgaan.

Securite het verniet die alarm installeer en sal ook op die alarm reageer.

Immelman sê die gemeenskap se ondersteuning vir die projek was ongelooflik en elke deel van die projek is geborg deur plaaslike organisasies en individue.

Cross sê die *Helderberg Baby Saver* is deel van baba Amber se nalatenskap. "Iets goed het uit die tragiese gebeurtenis gekom."

Kyk hoe die *Helderberg Baby Saver* werk op www.bolandgazette.com.